

Inhoudsopgawe

<i>Voorwoord</i>	9
1. Drie bidure	11
2. Gebed is 'n tweegesprek	24
3. Wat is gespreksgebed?	28
4. Tot wie moet ons bid?	36
5. 'n Nuwe verhouding	47
6. Waarom hardop saam bid?	54
7. Waarom op jou eie bid?	66
8. Wat is geloof?	75
9. Wat is onverhoorde gebed?	87
10. Wat is geloofsgrootte versoeke?	97
11. Wanneer mense saam bid	106
 <i>Bylaag</i>	 123
<i>Daaglikse stilyd</i>	
<i>Hulpmiddels vir persoonlike aanbidding</i>	
<i>'n Diagram van die Drie-eenheid</i>	
<i>Die soeklig van die Skrif op jou hart</i>	

Voorwoord

Ek het ontdek dat die ware doel van gebed is om ons aandag op God te fokus en ons te laat vergeet van onself en die indruk wat ons op ander maak.

Die inhoud van hierdie boek is hoofsaaklik outobiografies, want daar is geen ander manier om die intieme ervarings te beskryf waardeur God my gelei het om die ware betekenis van gebed te ontdek nie.

Die titel kon net sowel gewees het *Matteus 18:19-20* of *As twee of drie saamstem*, want die boek is hoofsaaklik gebaseer op die betekenis en inhoud van hierdie twee verse. Ek het vir meer as vyf en twintig jaar van my lewe as Christen

gestry teen die baie hindernisse van gebed en uiteindelik ontdek dat die sleutel tot die nuwe en wonderlike lesse wat God my wou leer juis geleë was in die dinge wat my gepla het. En soos wat ek hierdie ontdekkings met verskeie groepe gedeel het, het ek gesien hoedat die eenvoud van gespreksgebed vir hulle die betekenis van gebed verander en duidelik maak. Een groep, wat die meeste van die tyd deurgebring het met sang en die opgee van gebedsversoeke, en slegs sowat vyf minute afgestaan het aan gebed, het die proses omgekeer en gebed as gesprek begin beoefen. Tot hulle vreugdevolle verbasing het hulle gevind dat hulle meer as 'n uur nodig gehad het net om te bid.

~ Rosalind Rinker ~

Drie bidure

Vir die eerste vyftien jaar van my lewe as Christen het ek maar gemaak soos al die ander as dit gekom het by gebed. In my begeerte om 'n ware dissipel van Jesus Christus te wees, het ek dit reggekry om ander te volg in plaas van Hom.

My lewe as Christen het begin in my tweede jaar op hoërskool, toe my ma my na 'n jeugkonferensie geneem het waar ek my hart en lewe vir Christus gegee het. Ek sal in die volgende hoofstuk iets vertel van wat gebeur het toe ek, sonder om dit te besef, begin het om ander Christene na te aap. Maar voordat ek mense begin volg het, was daar een blink oomblik waarvan ek jou graag wil vertel.

Een aand, terwyl dit buite gesneeu het in Noord-Dakota, het ek te staan gekom voor 'n moeilike keuse vir 'n dogter van vyftien. Daar was dié aand in my geboortedorpie 'n partytjie by een huis en 'n biduur by 'n ander. Ek het die biduur gekies.

Die eerste een

Die klein bruin houthuisie was stampvol. Soos tieners maar maak, het ek om my rond gekyk, maar daar was nie 'n enkele kind van my ouderdom daar nie. My eerste gedagte was dat ek daar moes wegkom, maar die huisie was te vol en te klein, ek kon nie roer nie. Het ek nie in elk geval reeds my keuse gemaak nie? En God het mos geweet toe ek Hom vooraf gevra het waarheen ek daardie Vrydagaand moes gaan, dat daar niemand van my ouderdom sou wees nie.

Dus het ek gebly. Iemand het uit die Bybel gelees en toe kniel almal. Ek ook. Maar dit het vir my gevoel of ek net 'n toeskouer was. Hoe het hulle geweet wanneer om te bid? Wie het vir hulle gesê? My hart het al vinniger geklop. Moet ek ook bid? Waar, het ek my afgevra, het *die* idee vandaan gekom? Ek hardop bid? Voor al hierdie mense? En dit terwyl ek die enigste tiener daar is? Niemand weet seker eers ek is daar nie.

My hart wou later by my keel uitspring. Die

persoon wat alreeds 'n hele ruk lank gebid het, was klaar. Doodse stilte. Nee. Nee. Nee! Ek kon dit nie verbreek nie! Laat iemand anders dit doen. Toe vra ek my versigtig af: Met wie stry ek hieroor? Met myself? Kon dit wees dat God van my vra om voor al hierdie mense hardop te bid? Watter verskil kon dit aan Hom maak of ek dit doen of nie?

Terwyl ek nog so worstel met my gedagtes en besware het 'n ouerige dame begin bid. Ek het verlig gesug, maar net tydelik.

Hoor net, het ek vir myself gesê, sy kan nie eers Engels praat nie! Niemand kon 'n woord verstaan wat sy sê nie, en hier bid sy ten aanhore van ander mense. Ek het verder geluister. 'n Sinnetjie of twee in Duits, toe bietjie Engels, toe weer Duits.

Ek het opgehou om haar gebed te beoordeel en weer geluister. En skielik het dit gevoel of God my hart in sy hand toevou. Die ou Duitse tantetjie het begin huil! En sy was nie skaam om te huil terwyl sy bid nie. Die teerheid in haar stem het verklap dat dit nie frustrasie was wat haar laat huil het nie, maar opregte liefde vir die Here. Sy was besig om *met Hom* te praat, nie *met ons* nie. En Hy was daar. Ek het dit geweet. *Hy was die hele tyd daar.*

Die gesprek in my hart het voortgeduur: En *jy* kan Engels praat en *jy* behoort sedert verlede

Junie op 'n nuwe manier aan God en nogtans is *ji* bang? Dit was genoeg. Ek het die stem van Jesus gehoor, Hy wat my liefhet. Ek gaan hardop bid, en ek gaan direk met Hom praat. Ek gaan nie bang wees nie en ek gaan nie omgee as ek trane stort of my woorde deurmekaar raak of my gebed nie klink soos al die ander s'n nie. Ek gaan vergeet van al die mense en net aan Hom dink.

En ek het dit gedoen. "Liewe Here Jesus ... " het ek myself hardop hoor bid vir die eerste keer in my lewe. En ek hét gehuil en my woorde hét deurmekaar geraak, maar dit het nie saak gemaak nie. Ek het met Hom gepraat. Hy was daar.

Hy was die hele tyd daar terwyl ek so met myself geredeneer het. En Hy was die hele tyd daar toe ek hardop met Hom gepraat het terwyl al die ander mense geluister het.

Op pad huis toe daardie winteraand het die sneeu onder my voete geknars, maar my hart was warm as gevolg van die wonderlike ervaring om met Jesus Christus te kon praat. Ek het 'n ontmoeting met Hom gehad. En dit was my eerste kortstondige insig oor gebed. Dalk het ek verstaan soos wat net 'n jongmens maklik verstaan dat Hy dit bedoel het toe Hy gesê het: "Want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Matt. 18:20).

Die tweede een

Na daardie eerste “blink oomblik” toe ek besef het dat gebed beteken om persoon tot Persoon met die Here Jesus te praat, was ek nie meer bang om hardop te bid nie. Hy het my liefgehad en ek vir Hom, die hele wêreld was nuut, ek was jonk en die lewe was mooi. Ek wou die beste soort Christen wees wat mens kon kry. Ek wou leer om reg te bid en het my ore begin spits om te hoor hoe ander mense bid; wat hulle sê en hoe hulle dit sê.

Omdat ek nie meer bang was om hardop te bid nie, was dit maklik om wenke op te tel en hulle te gebruik. Twee dinge het my onmiddellik opgeval: die taal wat mense gebruik het en die manier waarop hulle God aangespreek het. Ek het ook opgemerk dat die mense gesê het “amen” en “ja, Here” wanneer die leraar se vrou gebid het. Dit het gelyk of hulle met haar saamgestem het wanneer sy die regte goed gesê het, en dit dan te kenne gegee het. Dit het my eers baie gehinder, maar kort voor lank het ek ook gebid soos me. O. en wou ek ook goed sê wat die mense “amen” sou laat sê wanneer ek bid.

Skynbaar moes mens oplet na jou stemtoon as jy besonder vurig wou bid. Verkieslik moes jy ’n dramatiese toon aanslaan in ’n bietjie hoër stemtoon as vir gewone gesprekke. Hierdie stemtoon

het dan hoër en hoër geklim totdat dit 'n soort klimaks bereik het, om dan laer te word en weer te begin klim. Dit het vir my geklink na 'n goeie manier om vir God te wys dat mens ernstig is.

Die Here weet dat ek dodelik ernstig was oor die saak. Ek dink ek het soms bietjie ongemaklik geraak, maar sou dit vir geen geld ter wêreld teenoor iemand erken het nie. Ek het die eerste keer bewus geraak van my ongemak terwyl ek geluister het hoe 'n dierbare suster in die kerk bid. Sy het die hoogtes bestyg en die wêreld gedek in haar gebed. Skielik het ek haar stemtoon "gehoor" en gedink: *As ek nie geweet het wie daar bid nie, sou ek nooit geraai het dis me. R. nie. Ek wonder darem of God wil hê dat ons met so 'n onnatuurlike stemtoon met Hom moet praat. Hoe kan ons ons ware self voor Hom wees as ons só bid?*

Ek was geskok dat ek so iets selfs net kon dink. Maar die gedagte wou my nie los nie.

Hoe kan God met jou praat terwyl jy bid as jy so vir Hom skree? Waarom gee jy Hom nie kans om 'n woord in te kry nie? Ek moet erken hierdie vrae het my gehinder, maar ek het hulle opsy geskuif, want wie was ek nou eintlik om die biduur te probeer hervorm? Bowendien was dit vir my baie belangrik om "geestelik" te wees, want ek was toe net by die ouderdom waar dit uiters belangrik was om aanvaarbaar te wees.

Dit was 'n wonderlike dag toe ek aangestel

is deur 'n buitelandse sendingvereniging en op twintigjarige leeftyd China toe gestuur is as sekretaresse van die sendingkantoor. Ek was opreg oortuig daarvan dat dit was waarheen God my lei om vir Hom te gaan werk, en ek het my met my hele hart gewerp in alles wat te doen gehad het met die sendingwerk.

Die personeel het gereeld elke Vrydagaand bymekaargekom vir 'n biduur wat die hele aand geduur het. Ons het gesing, geluister na 'n boodskap uit die Bybel, gesels oor probleme in verband met die werk onder die Chinese, en dan gebid. Almal het gebid, en die gebede was lank en vol besonderhede. Niemand het die biduur oorgeslaan tensy hulle siek was nie.

As ek nou daaraan terugdink, onthou ek die toewyding en opregtheid van my eie hart, en ek is steeds baie lief vir die vriende wat ek daar gemaak het.

Ons was almal saam op ons knieë, met 'n hart vol liefde vir mekaar, saamgebind deur ons gemeenskaplike doel. Maar ek het begin beseef dat ons elkeen 'n klein toesprake vir die Here afgesteek het wanneer dit ons beurt was. Ek weet ons was veronderstel om saggies saam te bid met die een wat besig was om hardop te bid, maar aangesien ons almal dieselfde veld gedek het, het ek maar probeer dink hoe ek my gebed met meer "kleurvolle" woorde kon begin, hoe

ek meer “aksie” in my gebed kon kry, hoe ek dit meer “geestelik” kon laat klink, en hoe ek die beloftes van God met meer geloof vir my kon toe-eien as die ander. Ek wou dit anders stel as die ander wat voor my gebid het; dit belangriker en interessanter laat klink.

Ek het vergifnis nodig gehad vir die hoogmoed wat wou hê dat my gebed anders moes wees! Vergifnis vir die kere wat ek my eerste paar sinne doelbewus beplan het net om dit beter te laat klink as die ander.

En God vergewe my vir die kere wat ek 'n stoel naby die boekrak gekies het sodat ek terwyl ons kniel om te bid en dinge bietjie vervelig raak, skelm na die titels kon loer en soms selfs 'n aantekening maak van boeke wat ek wou lees.

En God vergewe my vir die kere wat ek selfs 'n boek van die rak gehaal en weggekrui het agter my baadjie sodat ek daardeur kon blaai terwyl ons saam gebid het.

God vergewe my ook vir die kere wat ek doodgewoon aan die slaap geraak het gedurende daardie lang bidsessies. As my beurt eers verby was, was dit 'n stryd om wakker te bly.

Die jare in die sendingveld het opgehoop. Die bidure het opgehoop. My opstand het opgehoop. Maar omdat ek geweet het hoe opreg en diep geestelik die mense was saam met wie ek gewerk en gebid het, kon ek nie my opstand

erken nie. Nog minder kon ek die vlakheid van my eie gebedslewe in die oë kyk.

Die derde een

God het in sy groot liefde met my opstandigheid begin werk deur 'n byna noodlottige siekte en ander ontwrigtende gebeure in my lewe. Hy het my begin leer om na sy stem te luister.

Hierdie derde biduur, wat so eenvoudig was en tog so rewolusionêr sou wees, het plaasgevind 'n paar maande nadat ek weg is by die sendingkantoor. Ek was destyds woonagtig in Beijing, China, waar ek besig was om die taal aan te leer en te probeer om op elke denkbare manier met die Chinese te identifiseer.

Kort voor lank was daar 'n groep hoërskoolleerlinge en universiteitstudente wat wou Engels leer en graag die Nuwe Testament wou lees. Ek vra toe my vriendin Mildred Rice, wat saam met my in die sendingkwartiere gewoon het, om my te help. Ons het die groep in twee verdeel en hulle gereeld ontmoet.

Omdat die jongmense ook hulle probleme na ons toe gebring het, het dit vanself gebeur dat ek en Mildred saam vir hulle begin bid het.

So het ons dan op 'n middag wat ek nooit sal vergeet nie, saam in my klein Chinese woonstelletjie gekniel om vir 'n hele paar van ons studen-

te by hulle name te bid, asook vir die klas daardie aand.

Ek onthou nog hoedat Mildred gebid het vir Ming-lee oor 'n saak in verband met haar skoonsuster. Ongelukkig het ek vergeet dat Ming-lee reeds daardie oggend vir ons 'n briefie gestuur het om te sê dat die saak waarvoor Mildred besig was om te bid, reeds opgeklaar was. Haar gebed was dus reeds beantwoord en sy het dit nie geweet nie.

Sonder om te dink het ek haar gebed onderbreek en verder gebid. "Ons sê vir U dankie, o Here, dat U reeds hierdie gebed verhoor het. Ming-lee het alreeds haar skoonsuster vergewe."

Ek het stilgebly, verskrik deur my vermetelheid om Mildred se gebed te onderbreek. Daar was 'n paar oomblikke lank doodse stilte, en toe leun albei van ons verlig agteroor en bars uit van die lag.

"Is dit nou nie vir jou te sê nie!" het Mildred gesê, en verwys na die antwoord op haar gebed wat sy nog nie gebid het nie, asook die natuurlike, spontane manier waarop die nuus oor Ming-lee uitgekom het.

Ons het verder gebid, maar met 'n gevoel van vreugde, van lighartigheid, van 'n bewussyn van die Here se intieme nabyheid.

Ek het gebid: "Ag, Here, is U besig om ons iets te leer deur dit wat nou net gebeur het? Moet ons

terwyl ons bid vir U meer geleentheid gee om u idees aan ons oor te dra? Sal dit aan die Heilige Gees meer geleentheid gee om ons te lei terwyl ons bid?"

Toe het ek met die vryheid waarmee 'n nuwe ontdekking gepaardgaan, opgehou bid en met Mildred begin praat.

"Weet jy wat? Ek glo die Here het so pas vir ons iets geleer. Kom ons gesels liewer met Hom oor dinge in plaas daarvan dat elkeen van ons in gebed vir Hom 'n toespraak afsteek. Kom ons doen dit om die beurt en sluit Hom daarby in, so asof ons besig is met 'n gewone gesprek."

Sy was dadelik by. "Ja, en dan vat ons een persoon of een situasie op 'n slag, en ons twee bid om die beurt daaroor totdat ons voel ons was in aanraking met God; totdat ons hart rustig raak."

Ek het volmondig met haar saamgestem en so gesê. Maar teen daardie tyd was ek opgewonde oor iets wat my bygeval het en het ek naarstiglik begin soek na 'n gedeelte in Matteus. Ek het dit gekry:

Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle (Matt. 18:19-20).

Ons was ongetwyfeld op heilige grond en het dit geweet. Dus het ons na 'n paar oomblikke stilte ons aandag op die Here Jesus gevestig, wat ons pas verseker het dat Hy daar in ons midde was.

Ons het Hom nou op 'n nuwe manier verstaan.

Sag, eerbiedig, en baie bewus daarvan dat Iemand anders by ons was, het ons met Hom begin *gesels* oor ons vriende. Al die onnodige "gebedstaal" het weggeval. Ons het van aangesig tot aangesig gepraat, met die seker wete dat Hy omgee vir die mense wat ons na Hom toe bring. Die "amen" aan die einde van elke gebed het oorbodig gevoel. Ons was besig om met Hom te gesels, en met mekaar. Ek het gepraat, dan weer Mildred, en dan het ons gewag vir Hom om te antwoord deur daardie sagte fluistering in ons elkeen se hart.

Ons was in sy teenwoordigheid. Ons was besig om met Hom te praat. Terwyl ek so daardie middag in my woonstel gekniel het, het iets deur my geheue geflits. Ek het onthou van daardie eerste "blink oomblik" toe ek die eerste keer daar in die huisie in Noord-Dakota met Christus gepraat het. Na al daardie jare het Hy gekom en my "blink oomblik" aan my teruggegee, maar nou meer werklik as vantevore, want ek was ouer.

Ek het Hom in stille verwondering aanbid en geweet dat daar voortaan geen verveling, geen

selfbewuste konformiteit, geen na-apery hoef te wees nie.

Ons het nie op 'n nuwe tegniek afgekom nie. Dit was te natuurlik en te bekend om nuut te wees. Dalk was dit net 'n terugkeer na die kinderlike gemeenskap met Hom wat God in die eerste plek wou gehad het.

Ons het nie daardie dag so ver gedink nie. Ons was net oorstelp van vreugde.